higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE

(Eerste vraestel)

NKR-VLAK 4

(3011004)

28 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 'n antwoordboek van 13 bladsye.

550Q1N2428

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR-VLAK 4
(Eerste vraestel)
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in die ANTWOORDBOEK wat voorsien word.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Moenie enige bladsye uit die ANTWOORDBOEK verwyder nie.
5. Toon alle berekeninge.
6. Gebruik die tabel hier onder om jou te lei oor hoeveel tyd jy aan elke vraag moet bestee.
7. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
8. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	TYDSGIDS
AFDELING A			
1	Kortvrae	30	27 minute
2	Berekeningsvrae	30	27 minute
AFDELING B			
3	Aanpassings	40	36 minute
4	Wins-en-verlies-berekeninge	30	27 minute
5	Finansiële state	50	45 minute
6	Invloed op rekeningkundige vergelyking	20	18 minute
		200	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die voorsiening vir slegteskuld-aanpassing word aan die einde van die jaar na die …-rekening afgesluit.

A wins-en-verlies
B kapitaal
C handels
D verkope

1.1.2 Die volgende is die stappe in die rekeningkundige siklus:

1. Stel die finansiële state op.
2. Onttrek 'n proefbalans.
3. Teken transaksies in brondokumente aan.
4. Boek vanaf joernale na grootboekrekeninge.
5. Teken brondokumente in die toepaslike hulpjoernale aan.

Watter EEN van die volgende verteenwoordig die korrekte volgorde van die stappe in die rekeningkundige siklus?

A 5, 4, 3, 2, 1
B 3, 1, 4, 2, 5
C 3, 5, 4, 2, 1
D 4, 1, 3, 5, 2

1.1.3 Die volgende inligting het op 31 Desember 2023 in die proefbalans van Beauty Buzz verskyn:

Handelsvoorraad	R147 850

Bykomende inligting:

- Volgens die fisieke voorraadopname op 31 Desember 2023 het die handelsvoorraad R147 250 beloop.

Watter rekening in die inkomstestaat sal deur hierdie aanpassing geraak word?

A Handelsvoorraad
B Handelsvoorraadsurplus
C Voorraad op hande
D Handelsvoorraadtekort

Kopiereg voorbehou

1.1.4 Verwys na die inligting in VRAAG 1.1.3.

Watter bedrag sal in die inkomstestaat aangeteken word?

A R147 850
B R600
C R147 250
D R295 100

1.1.5 Verwys na die inligting in VRAAG 1.1.3.

Watter bedrag sal in die voorraadnota in die balansstaat aangeteken word?

A R147 850
B R600
C R147 250
D R295 100

(5 × 1) (5)

1.2 Die volgende inligting is onttrek uit die post-aansuiweringsproefbalans van Shalala Handelaars vir die jaar geëindig 31 Januarie 2024.

Verkope	?
Verkope-opbrengste	R2 000
Koste van verkope	R800 000
Bruto wins	R300 000
Ander inkomste	R65 400
Netto wins	R128 400

Kredietverkope is 60% van die netto verkope van die besigheid.

1.2.1 Bereken die totale netto verkope vir die jaar. (3)

1.2.2 Bereken die kredietverkope vir die jaar. (2)

1.2.3 Joernaliseer die sluitingsoordrag van die verkoperekening aan die einde van die finansiële jaar. (3)

1.2.4 Verduidelik aan die junior rekenmeester waarom dit belangrik is vir 'n besigheid om 'n netto wins te handhaaf. (2)

Kopiereg voorbehou

1.3 Die volgende inligting is op 31 Desember 2023, die einde van die finansiële jaar, uit die boeke van Toys Zone onttrek:

Debiteurebeheer (01/01/2023)	R22 556
Debiteurebeheer (31/12/2023)	R37 452
Kwitansies uitgereik aan debiteure	?
Verkope (80% van die verkope is kontant)	R245 800
Verkoopsopbrengste (60% van die opbrengste is vir kredietverkope)	R3 451

Bykomende inligting:

- 'n Tjek wat van debiteur Dizzy Doll vir R2 000 ontvang is, is deur die bank gemerk R/D teruggestuur.
- 'n Faktuur van R5 000 vir goedere wat op krediet verkoop is, is nie in die betrokke joernaal aangeteken nie. Teken hierdie inskrywing afsonderlik aan.
- Rente word op alle agterstallige rekeninge gehef. Rente het R960 beloop.

1.3.1 Voltooi en sluit die debiteurekontrolerekening in die algemene grootboek aan die einde van die finansiële jaar af. Rond jou antwoorde af tot die naaste rand. (12)

1.3.2 Joernaliseer die rente wat gehef word op alle agterstallige rekeninge aan die einde van die finansiële jaar. Moenie enige verduidelikings toon nie. (3)

[30]

VRAAG 2

2.1 Die volgende inligting is onttrek uit die vooraansuiweringsproefbalans van Zipline Champs op 31 Maart 2024, die laaste dag van sy finansiële jaar:

Toerusting	R362 450
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	R68 500

Bykomende inligting:

- Nuwe toerusting (kabels en trollies) is op 30 November 2023 kontant vir R42 450 gekoop en nie in die boeke van die besigheid aangeteken nie.
- Waardevermindering op toerusting word voorsien teen 15% pj op die verminderdesaldo-metode.

Die besigheid het 'n kwotasie vir nuwe toerusting aangevra. Die kwotasie van R24 500 is op 31 Maart 2024 ontvang maar die bestelling is nie geplaas nie.

2.1.1 Bereken die waardevermindering wat op 31 Maart 2024 in die inkomstestaat aangeteken sal word. Rond antwoorde af tot die naaste rand. (8)

2.1.2 Watter tipe rekening is waardevermindering? (1)

2.1.3 In watter afdeling in die balansstaat sal die opgehoopte waardeverminderingsrekening verskyn? Noem asseblief die werklike onderafdeling. (1)

2.1.4 Watter bedrag sal as die netto drabedrag vir toerusting in die balansstaat op 31 Maart 2024 aangeteken word? (3)

2.2 Die volgende inligting is op 29 Februarie 2024, die laaste dag van die finansiële jaar, uit die vooraansuiweringsproefbalans van Exquisite Bridal Gowns onttrek:

Bankkoste	R3 770

Bykomende inligting:

- Internetbankfooie vir die maand het R400 beloop. Dit is op die bankstaat weerspieël, maar nie in die boeke aangeteken nie.
- Die bank het 'n terugskrywing van R75 vir belastingheffing gedoen, wat twee keer in die besigheidsbankrekening gehef is. Geen inskrywing is vir die omkering aangeteken nie.
- 'n Kontantdeposito-fooi van R975 is nog uitstaande en reflekteer nie op die bankstaat nie.

2.2.1 Voltooi en sluit die bankkoste algemene grootboekrekening af aan die einde van die finansiële jaar, 29 Februarie 2024. (10)

2.2.2 In watter finansiële staat sal die totale bankkoste aangeteken word? (1)

2.2.3 In watter afdeling van die balansstaat sal die uitstaande kontantdeposito-fooi aangeteken word? Noem asseblief die werklike onderafdeling. (1)

2.2.4 Bankkoste (verminder/verhoog) die eienaarsbelangrekening van die besigheid. (1)

2.2.5 Watter effek het bankkoste op die bruto wins van die onderneming? (1)

2.2.6 Watter effek het bankkoste op die netto wins van die onderneming? (1)

2.2.7 Verduidelik kortliks die verskil tussen *bruto wins* en *netto wins*. (2)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 60

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

Die volgende vooraansuiweringsproefbalans is op 31 Desember 2023, die laaste dag van die finansiële jaar, uit die rekords van Bina's Souvenirs onttrek.

VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS VAN BINA'S SOUVENIRS - 31 DESEMBER 2023

	VOL.	DEBIET		KREDIET	
Balansstaatrekeningafdeling					
Kapitaal (1 Januarie 2023)	B1			270 000	00
Onttrekkings	B2	32 400	00		
Grond en geboue	B3	128 600	00		
Toerusting	B4	29 700	00		
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	B5			4 400	00
Voertuie	B6	189 570	00		
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	B7			23 440	00
Vaste deposito: Thai Bank (10%)	B8	50 000	00		
Handelsvoorraad	B9	98 750	00		
Bank	B10	40 200	00		
Kleingeld	B11	2 000	00		
Kontantvlot	B12	1 200	00		
Debiteurebeheer	B13	25 500	00		
Lening: Kathu Bank (13%)	B14			75 000	00
Voorsiening vir slegte skuld	B15			1 470	00
Krediteurebeheer	B16			32 350	00
Nominalerekeninge-afdeling					
Verkope	N1			425 000	00
Koste van verkope	N2	137 400	00		
Debiteuretoelaes	N3	1 250	00		
Advertensies	N4	6 740	00		
Kommissie ontvang	N5			47 200	00
Rekenaaruitgawes	N6	3 860	00		
Skenkings	N7	4 250	00		
Rente op vaste deposito	N8			5 000	00
Rente op lening	N9	7 500	00		
Drukwerk en skryfbehoeftes	N10	1 980	00		
Herstelwerk en onderhoud	N11	4 660	00		
Salarisse en lone	N12	56 900	00		
Telefoon en faks	N13	24 500	00		
Water en elektrisiteit	N14	36 900	00		
		883 860	00	883 860	00

Kopiereg voorbehou

AANPASSINGS:

1. Waardevermindering op voertuie en toerusting word soos volg voorsien:

   1.1 Voertuie teen 12% per jaar op die verminderde-saldo-metode

   1.2 Toerusting teen 10% per jaar op die reguitlynmetode. Neem in ag dat 'n nuwe elektroniese advertensiebord op 31 Julie 2023 vir R27 000 aangekoop is. Hierdie inskrywing is reeds in die boeke van die besigheid aangeteken.

2. Jua Ching is kommissie van 10% betaal op alle sakke wat verkoop is en 5% kommissie op alle ander bykomstighede wat verkoop is. Hy het die volgende vir die maand verkoop:

ITEMS VERKOOP	TOTALE VERKOPE
Skouersakke	R4 750
Strandsakke	R9 200
Persoonlike armbande	R3 700
Afrika-krale	R1 750

   Geen inskrywing vir Jua Ching se kommissie is in die boeke van die besigheid gemaak nie.

3. ’n Fisieke voorraadopname op 31 Desember 2023 het die volgende aan die lig gebring:

   - Handelsvoorraad R97 000
   - Skryfbehoeftes R400

4. 'n Skuldenaar, A. Ziqubu, het verdwyn en kan nie opgespoor word nie. Hy skuld die besigheid R4 000 en is nou insolvent verklaar. Veertig persent van sy skuld is nie uit sy boedel ontvang nie en moet as slegte skuld afgeskryf word. Die balans is ontvang. Geen inskrywing is met betrekking tot hierdie transaksies aangeteken nie.

5. Pas die voorsiening vir slegte skuld aan na 5% van debiteure.

6. Die eienaar, mnr Bina, het R2 500 uit die besigheidsbankrekening geneem vir persoonlike gebruik. Die boekhouer het hierdie transaksie as salarisse aangeteken. Maak die fout reg.

VEREIS:

Teken die aanpassings aan in die algemene joernaal van Bina's Souvenirs op 31 Desember 2023. Verduidelikings word nie vereis nie. Rond antwoorde af tot die naaste rand. Waar van toepassing, toon alle bewerkings op die antwoordblad. **[40]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Die volgende post-aansuiweringsproefbalans het op 31 Desember 2023, die laaste dag van die finansiële jaar, in die boeke van Jungcelon Handelaars verskyn.

NA-AANSUIWERINGSPROEFBALANS VAN JUNGCELON-HANDELAARS OP 31 DESEMBER 2023

	VOL	DEBIET		KREDIET	
Balansstaatrekeningafdeling					
Kapitaal (1 Januarie 2023)	B1			270 000	00
Onttrekkings	B2	20 470	00		
Toerusting	B3	74 800	00		
Opgehoopte waardevermindering op toerusting				15 160	00
Voertuie	B4	268 400	00		
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	B5			40 200	00
Vaste deposito: Kamala Bank (8%)	B6	300 000	00		
Handelsvoorraad	B7	49 760	00		
Bank	B8			14 040	00
Kleingeld	B9	1 875	00		
Debiteurebeheer	B10	71 050	00		
Voorafbetaalde uitgawe: Ouditgelde	B11	3 405	00		
Lening: VIA Bank (12%)	B12			75 000	00
Opgelope uitgawe: Regskoste	B13			2 450	00
Krediteurebeheer	B14			33 560	00
Nominalerekeninge-afdeling					
Verkope	N1			644 470	00
Debiteuretoelaes	N2	2 470	00		
Koste van verkope	N3	204 405	00		
Ouditgelde	N4	21 400	00		
Sellulêre uitgawe	N5	5 680	00		
Waardevermindering: Toerusting	N6	8 805	00		
Waardevermindering: Motorvoertuig	N7	12 050	00		
Rente op vaste deposito	N8			10 000	00
Rente op lening	N9	9 000	00		
Regskoste	N10	12 640	00		
Huurinkomste	N11			36 000	00
Subskripsies	N12	4 800	00		
Diverse uitgawes	N13	3 970	00		
Lone	N14	40 700	00		
Water en elektrisiteit	N15	25 200	00		
		1 140 880	00	1 140 880	00

Maak die volgende rekeninge in die algemene grootboek van Jungcelon Handelaars oop en boek die sluitingsoordragte daarheen. Balanseer/Sluit die rekeninge af op 31 Desember 2023. Rond antwoorde af tot die naaste rand.

Kopiereg voorbehou

4.1	Kapitaal	(5)
4.2	Rente op vaste deposito	(2)
4.3	Verkope	(4)
4.4	Waardevermindering	(3)
4.5	Wins-en-verliesrekening (toon alle bewerkings waar nodig)	(16)
		[30]

VRAAG 5

VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS VAN FANTASEA STORES OP 29 FEBRUARIE 2024

	VOL.	DEBIET		KREDIET	
Balansstaatrekening-afdeling					
Kapitaal (1 Maart 2023)	B1			550 000	00
Onttrekkings	B2	30 200	00		
Vaste deposito: Phi Phi Bank (9%)	B3	250 000	00		
Grond en geboue	B4	175 000	00		
Voertuie	B5	180 000	00		
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	B6			43 500	00
Toerusting	B7	74 500	00		
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	B8			23 400	00
Handelsvoorraad	B9	67 800	00		
Bank	B10	33 250	00		
Kleingeld	B11	400	00		
Debiteurebeheer	B12	24 960	00		
Krediteurebeheer	B13			44 450	00
Nominalerekeninge-afdeling					
Verkope	N1			823 388	00
Koste van verkope	N2	350 000	00		
Debiteuretoelaes	N3	2 490	00		
Rekeningkundige fooie	N4	33 728	00		
Slegte skuld	N5	4 880	00		
Slegte skuld verhaal	N6			9 978	00
Afslag ontvang	N7			3 400	00
Versekering	N8	34 760	00		
Rente op vaste deposito	N9			16 460	00
Drukwerk en skryfbehoeftes	N10	5 470	00		
Eiendomsbelasting	N11	21 440	00		
Huur uitgawe	N12	56 000	00		
Salarisse en lone	N13	76 450	00		
Personeelopleiding	N14	13 000	00		
Water en elektrisiteit	N15	80 248	00		
		1 514 576	00	1 514 576	00

AANPASSINGS:

1. Khulisa Academy is op 1 Maart 2023 gekontrakteer om maandeliks nuwe werknemers oor MH-aangeleenthede op te lei. Khulisa Academy is vir 13 maande betaal vir personeelopleiding. Dit is die enigste maatskappy wat werknemers van Fantasea Stores oplei.

2. Die eienaar, F. Fanta, het op die laaste dag van die boekjaar sy kapitaal met 12% verhoog. Hierdie inskrywing is nog nie in die boeke van die besigheid aangeteken nie.

3. Waardevermindering op voertuie en toerusting word soos volg voorsien:

   - Voertuie teen 11% per jaar op die verminderde-saldo-metode
   - Toerusting teen 10% per jaar op die kosprys-metode

4. ’n Fisieke voorraadopname op 29 Februarie 2024 het die volgende aan die lig gebring:
   - Handelsvoorraad: R48 000
   - Drukwerk en skryfbehoeftes: R1 000

5. Skryf die skuld van S. Santa vir R775 as slegte skuld af.

6. Skep 'n voorsiening vir slegte skuld teen 4% van debiteure.

7. Pas die rente op die vaste deposito aan. Die vaste deposito is op 1 Mei 2019 gemaak. Die eienaar het op 1 Februarie 2024 nog R40 000 in die vaste deposito belê (hierdie inskrywing is nog nie in die boeke van die besigheid aangeteken nie).

Gebruik die inligting wat op 29 Februarie 2024, sy finansiële jaareinde, uit die boeke van Fantasea Winkels onttrek is, om die volgende voor te berei:

5.1 Inkomstestaat vir die jaar geëindig op 29 Februarie 2024 (26)

5.2 Balansstaat soos op 29 Februarie 2024 wat slegs die aantekeninge toon wat in die ANTWOORDBOEK vereis word

LET WEL: Toon alle bewerkings tussen hakies waar van toepassing. Rond antwoorde af tot die naaste rand. (24)

[50]

VRAAG 6

Ontleed die transaksies uit die boeke van BJ City and Island Tours op 31 Julie 2023, die laaste dag van die finansiële jaar.

Toon die rekening wat gedebiteer moet word en die rekening wat gekrediteer moet word in die algemene grootboek. Toon die uitwerking op die elemente van die rekeningkundige vergelyking. Toon 'n toename met +, 'n afname met – en geen effek met 0.

Gebruik die tabel in die ANTWOORDBOEK om die transaksies te ontleed.

Kopiereg voorbehou

VOORBEELD:

Betaal SAAD Skryfbehoeftes vir skryfbehoeftes per EFT, R400

Nommer	Algemene grootboek		Effek op die rekeningkundige vergelyking		
	Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	Bates	Eienaars se ekwiteit	Laste
Voorbeeld	*Skryfbehoeftes*	*Bank*	*- 400*	*- 400*	*0*

BJ City and Island Tours bied die volgende toere aan vir plaaslike en internasionale toeriste:

Toere aangebied	Verkope per persoon	Koste van verkope per persoon
Robbeneiland-voldagtoer	R2 750	R1 675
Tafelberg en V&A Waterfront	R1 050	R640
Stadstoer	R995	R305
Tygerberg Dieretuin en Tuine	R1345	R720
Kampsbaaikuier met snorkel	R1 770	R880

6.1 Die besigheid het die volgende kontantverkope vir die jaar aangeteken:

Toere aangebied	Kaartjieverkope per persoon	Aantal mense wat die toer bespreek het
Robbeneiland-voldagtoer	R2 750	210
Tafelberg en V&A Waterfront	R1 050	260
Stadstoer	R995	200
Tygerberg Dieretuin en Tuine	R1 345	170
Kampsbaaikuier met snorkel	R1 770	150

Toon die effek van die kontantverkope op die rekeningkundige vergelyking. (4)

6.2 Die eienaar en sy vier familielede het op 31 Julie 2023 'n stadstoer onderneem en vir die toer deur die besigheidsbankrekening betaal. (4)

6.3 Het 'n nuwe luukse stadstoerbus op krediet by Stucky Motors Cape Town vir R967 000 gekoop. (4)

6.4 Betaal DV Advertising R 5 000 vir advertensies. Hierdie transaksie is verkeerdelik na die druk- en skryfbehoefterekening geboek. Maak dit reg. (4)

6.5 Die besigheid betaal maandeliks R10 000 vir herstelwerk en instandhouding aan bote en busse. Ingesluit by die betaalde bedrag was die paaiemente vir Augustus en September 2023. Teken slegs die aanpassing aan. (4)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 140

GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou